Nou so tien dae na die eerste goeie reens skep ons weer moed vir die volgende seisoen. Ek sien dit ook in die natuur. Hoe dan so?

Wat is die kleur van vreugde en lewenslus? GEEL.
Kyk rondom julle: dit juig en dit lag en dit blom in geel. So verstaan ek plante.

Wat is die kleur van hoop? GROEN.
Orals kom die groen nou uit: op die grond duisende saadjies wat ontkiem het, op die kaal takke van die struike en bome. Dit is sommer LEKKER vir die oog.

Ken julle die grondorgidee, wat hier by ons voorkom? Eulophia speciosa. Dit staan in doringbosse met die voet in die skaduwee en die kop in die son. Sien julle ook die engel in die blom?

En die geel kortdoring? Rhigozum brevispinosum. "n Mens voel sommer vrolik as jy hom sien.

Ons kan net se: DANKIE VIR DIE REEN!